BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Saam groei ons tree vir tree

Johannes (Deel 13) – Oordeel en Genade

REFLEKTEER

Hoeveel van Johannes het jy al gelees? Watter gedeelte staan vir jou die meeste uit, en hoekom?

_____

_____

Hoe het jy gevorder met jou VOLGENDE STAP en watse groei het jy ervaar die afgelope week ?

_____

_____

Wat is jou grootste uitdaging en/of waarvoor het jy gebed nodig?

_____

_____

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae **VOOR** julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. **JULLE GAAN NIE NOODWENDIG AL DIE VRAE BESPREEK NIE EN OOK NIE NOODWENDIG DIT IN DIE VOLGORDE HANTEER NIE**.

BELANGRIK:

- **DIE DOEL VAN DIE KLEINGROEP BYEENKOMS IS NIE DAT AL DIE VRAE BESPREEK MOET WORD OF DAT DIT NOODWENDIG IN DIE VOLGORDE HANTEER MOET WORD NIE. ALLES WORD BEPAAL DEUR DIE TYD WAT BESKIKBAAR IS EN SOOS DIE HEILIGE GEES LEI. INDIEN DIE GROEP VOEL DAAR IS BELANGRIKE VRAE WAARBY NIE UITGEKOM IS NIE, KAN DIT OORSTAAN NA DIE VOLGENDE KEER.**

Lees Johannes 7:53 – 8:11

1. Was jy al in 'n situasie (skuldig of onskuldig) waarin jy veroordeel is? Hoe het dit jou laat voel? En hoe het jy dit hanteer? _____

   _____

   _____

2. Wanneer het jy vir die eerste keer die diep vrede ervaar dat God jou sonde vergewe het en jy nie onder veroordeling staan nie? Hoe het dit jou lewe verander? Vertel jou groep daarvan. _____

   _____

   _____

3. Hoe moet ons dit hanteer wanneer ons veroordeel voel (Romeine 8:1; Efesiërs 2:4-5; Romeine 6:23; 1 Johannes 1:8-10)? _____

_____

_____

4. Wat is die verskil tussen hoe mense oordeel en hoe God oordeel? _____

_____

_____

5. Hoe pas jy die genade wat Jesus hier betoon (en aan jou bewys het) toe in hoe jy mense hanteer wat teen jou sondig? _____

_____

_____

6. Wat staan vir jou uit in die manier waarop Jesus die vrou hanteer het? Wat leer dit ons oor die verhouding tussen waarheid, sonde en genade? _____

_____

_____

7. Lees Johannes 8:7–9. Wat wou Jesus by die aanklaers tuisbring? Beteken Sy woorde dat ons nooit iemand se verkeerde optrede mag aanspreek nie? Verduidelik jou antwoord. (Matteus 7:1–5; Johannes 7:24; Galasiërs 6:1; 1 Korintiërs 5:12:13) _____

_____

_____

8. Hoe moet ons dit hanteer wanneer iemand gesondig het (Galasiërs 6:1)? _____

_____

_____

9. Wanneer ons vergewe is, is daar geen gevolge vir ons sonde nie? (2 Samuel 12:13,14; Galasiërs 6:7)? _____

_____

_____

Gebed en Omgee

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:

_____

_____

_____

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

Watter waarheid uit Johannes 7:53-8:11 het my die meeste aangespreek, en wat gaan ek hierdie week daarmee doen?

_____

_____

_____